

# Die Oorsprong

III.

deur Dr.

## No. 9: Dierbaar Suid-Afrika.

Hierdie wysie is in 1811 deur Friedrich Flemming gekomponeer. Hy was arts in Berlyn (1778—1813). Van hom bestaan daar 'n menigte stukke vir mannekore; ook hierdie lied was oorspronklik vir mannekoor bedoel. Die teenswoordige Afrikaanse teks het ons aan dr. C. F. Visser te danke. Flemming se musiek is geskryf vir 'n Latynse gedig van Quintus Horatius Flaccus wat in die tyd van keiser Augustus geleef het (65—8 v. Chr.). Dit is nogal interessant dat die eerste versie van die gedig ook met Afrika, natuurlik Noord-Afrika, te doen het:

Integer vitae scelerisque purus  
Non eget Mauris jaculisque arcu  
Nec venenatis gravida sagitta fusce  
pharetra

Vry vertaal lui dit: „Wie se lewe rein en skoon is, het nie nodig om rond te swerf met Mauriese (Noord-Afrikaanse) assegaie en vergiftigde pyle nie; hy hoef ook nie na die brandende Syrtes (N.-A.) te vlug of na die ongasvrye Kaukasus nie. Hy bly in die skaduwee aan huis en maak sy soet versies oor die lieflike meisie Lalage wat so lekker kan lag en babbel.” In die Romeinse literatuur is Lalage 'n figuur, soos Sannie, Susie, Annatjie en Rita by ons, wat altyd weer verskyn. Horatius se odes is 1900 jaar lank in die ou kultuurlande aan gimnasia en universiteite geleer en gesing. My ou professor was ook altyd geesdriftig oor hulle en het gesê dat Horatius se liedjies ons tot in die hoë ouderdom nog sal troos. Ons wou dit nie glo nie, maar vir seuns van agtien tot twintig jaar was die lied van Lalage darem 'n aangename afwisseling. Ek veronderstel dat dr. Visser hierdie studentelied gehoor en gevoel het dat die statige musiek seker werd was om vir 'n ernstige doel gebruik te word. In elk geval, by ander volke word dit ook as godsdiens-tige wysie gesing, en soos ek verstaan, in Wallis ook vir een van hul volksliedere. Na verdere navorsing vind ek hierdie wysie in Duits as 'n aandlied, 'n begrafnislied en 'n Passielied. Wat ek nie kan vind nie en darem graag sou weet, is: Op watter wysie of wysies het die studente in die middeleeue en tot 1811 die „Integer vitae” gesing? Miskien kan een van die musiekprofessore inligting hieroor verskaf.

No. 6: *Gebed gedurende die slag: Vader ek roep U by.* Die woorde is deur Theodor Körner (1791—1813). Hierdie digter het in die vryheidsoorloë teen Napoleon en wel te Gadebusch op 26 Augustus 1813 gesneuwel. Ek noem die datum, omdat Körner hierdie gebed met 'n vaste voorgevoel van sy dood kort voor die slag neergeskryf het. Die treffende Afrikaanse woorde is deur Jan Celliers. Daar bestaan nog twee beroemde gedigte deur Körner: „Du Schwert an meiner Linken,” en „Lützows wilde Jagd.” Dit sou die moeite werd wees om hulle in Afrikaans te vertaal, hoewel dit geen maklike taak sou wees nie. Die komponis van hierdie lied is Fr. Himmel oor wie ek een en ander vermeld het by lied no. 108: *Dit kan tog nie altyd so bly nie.*

No. 12: *Die Afrikaanse Leeu.* Dit was oorspronklik „Die Vlaamse Leeuw” met woorde deur H. van Peene en musiek deur K. Miry. Voor 1896 was dit al 'n Nederlandse volkslied, maar nie opgeneem in „Kun jij zingen, zing dan mee”

(1916) en ook nie in mej. Joan van Niekerk se „Groot Afrikaanse Liederbundel” van 1927 nie. Dit verskyn wel in die „Nederlandsch Volksliederenboek,” Deel I, van 1922. Daar lui die woorde:

Zij zullen hem niet temmen Den feren  
Vlaamschen Leeuw,  
Al dreigen zij zijn vrijheid Met kleusters  
en geschreeuw.  
Zij zullen hem niet temmen, Zoolang een  
Vlaming leeft,  
Zoolang de Leeuw kan klauwen, Zoolang  
hij tanden heeft.

Wee hem, den onbezonnen! Die valsch  
en vol verraad  
Den Vlaamschen Leeuw komt streelen,  
En trouweloos hem slaat.  
Geen enkele handbeweging, Die hij uit  
't oog verliest,  
En, voelt hij zich getroffen. Hij stelt  
zijn mane en briescht.

Het wraaksein is gegeven, Hij is hun  
tergen moe;  
Met vuur in 't oog, met woede Springt  
hij den vijand toe,  
Hij scheurt, verniet, verplettert, Bedekt  
met bloed en slijk,  
En zegepraalend grijnst hij Op 's vijands  
trillend lijk.

Refrein:  
Zij zullen hem niet temmen, Zoolang  
een Vlaming leeft,  
Zoolang die Leeuw kan klauwen, Zoolang  
hij tanden heeft.

Uit 'n vergelyking word dit baie duidelik dat A. G. Visser slegs die naam van die oorspronklike lied oorgeneem het. Sy woorde was dus nie in die minste 'n vertaling nie, maar heeltemal oorspronklik. Terwyl in Nederlands die hele Vlaamse volk deur die leeu gesimboliseer word, handel die Afrikaanse lied oor die leeu Paul Kruger wat teen 'n oormag 'n ontsaglike stryd gestry het. Dit is nou die plig van die volk wat hierdie leeu voortgebring het om te sorg dat sy vryheidsgees nooit sterf nie, maar altyd weer soos 'n feniks uit die as verrys.

No. 17: *Gebed van Paul Kruger.* Die woorde van hierdie lied is deur J. D. Wetsels. In die derde uitgawe van die Volksangbundel wat nou in Amsterdam op die einde van die oorlog wag, verskyn dit met 'n ander toonsetting. Dit is gekomponeer deur die boer en onderwyser J. Kromhout (snr.). Die beslissing oor hierdie keuse laat ons graag aan die oordeel van ons tydgenote in Suid-Afrika oor.

No. 19: *Land, Volk en Taal.* Dit sal almal seker interesseer om te hoor dat die musiek van hierdie lied uit Finland afkomstig is. Die aangrypende woorde prys die hoë, trotse dennebome; diep in die woud lê die Fin se vaderhuis. Hoe mooi die oorspronklike woorde ook al is, hulle word m.i. oortref deur A. G. Visser se „Eike met heldergroen lower, ruisende graanveld en perlende wyn. Taal van my moeder, haar liefd' en gebede, staam'lend gelispel as kind aan haar knie.” Geen wonder dat hierdie lied so dikwels op byeenkomste gesing word nie.

No. 25: *Ons Burgers is getrou.* Die woorde deur J. P. Jooste word gesing op 'n Amerikaanse wysie wat in 1862 gedurende die Amerikaanse burgeroorlog ontstaan het: *Marching down through Georgia.* Die Afrikaanse woorde is deurtrek van 'n droë humor en bittere ironie: „Transvaal is weer in moeilikheid, want goud is hier te veel, Dus kry ons rare vriende, wat ons eiendom wil steel. Die rooiversbul (sir Redvers Buller) het hom gekul, sy planne kwam nie af....”

# van die Volksangbundel

## HUGO GUTSCHE

Dit is geen kuns om groot te praat, maar om die ding te doen. Die Rooles eet mos bullybeef, maar ons eet mellepap, dus voel hul altyd sieg en styf, maar ons voel lekker slap.

No. 26: *Oranje-Blanje-Blou*. By die komponis van hierdie lied moet ons 'n rukkie stilstaan. Dit is Henry Hugh Pierson (ook Pearson geskrywe). In verskeie opsigte toon sy lewe ooreenkoms met dié van Houston Stewart Chamberlain. Laasgenoemde is in 1855 in Portsmouth gebore. Hy trou met Richard Wagner se enigste dogter, Eva, word lektor aan die Universiteit van Weenen, skryf 'n biografie van Wagner, 'n boek oor sy musiek-dramas en 'n ander oor die Bayreuth-feesspele. Dan verskyn (1899) sy opsienbarende „Grundlagen des 19ten Jahrhunderts” (in 1910 in Engels uitgegee). Pierson weer is in 1816 te Oxford gebore waar sy vader professor in die

word, en dagteken uit die Amerikaanse Burgeroorlog. In die *Scottish Students Song-Book* van 1879 staan dit gedruk met musiek-begeleiding deur Sept. Winner.

Sweet Ellie Rhee, so dear to me, Is lost for evermore;  
Our home was down in Tennessee, Before this cruel war.  
Den carry me back to Tennessee, Back where I long to be.  
Among de fields of yellow corn; to my darling Ellie Rhee.

Oh why did I from day to day, Keep wishing to be free,  
And from my massa run away. And leave my Ellie Rhee.  
Den carry me back to Tennessee . . . ens.

In dieselfde boek kry ons dadelik daarna nog 'n half-Latynse studentelied oor „Lalage” wat ek in my kommentaar oor lied no. 9 genoem het. Hierdie „Lalage” kon in daardie wêreld nog met 'n lammetjie na die skool kom. Dit het die seuns natuurlik baie pret ver-

Daar bestaan twyfel daaroor wie die Afrikaanse woorde gedig het. Volgens die korrespondensie wat daarvoor verskyn het, is daar drie of meer aan wie dit toegeskryf word: (1) die susters Bezuidenhout en B. de Wet (vierde versie); (2) mnr. Dirk van Alphen, seun van die Posmeester-generaal van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hy was een van die rebelle wat gevange geneem en na Upington gestuur is; (3) Mnr. J. P. Toerien wat ongeveer agtien jaar gelede op Middelburg, Tvl. dood is. Hy was 'n Paarliet en het later opgetree as redakteur van *Die Republikein* en die *Middelburg Herald*. Van tyd tot tyd het daar gediggies deur hom onder die skuilnaam Jepede verskyn. Daar word beweer dat die gedig „Sarie Marais” deur hom gemaak is voor sy huwelik met Sarie Margrietha Maré. Sy is op Eendracht, Heidelberg, Tvl. gebore. Haar vader was lid van die Uitvoerende Raad. Hierdie inligting word verstrekk deur haar broer



'n Volkspele-groep.

teologie was. Vanaf 1839 tot 1843 studeer hy musiek in Duitsland en Italië en word professor in musiek te Edinburg. Maar die Skotse begrippe was te streng vir sy opvattinge. Hy gaan woon weer in Weenen en skryf liedere onder die skuilnaam Edgar Mansfeld. Later tref ons hom aan in Hamburg, Würzburg, Stuttgart en Leipzig. Sy oratorium „Jerusalem” word in Norwich en Londen opgevoer. Die musiek vir Goethe se *Faust* (dl. II) en baie ander werke word met groot byval in Hamburg en Frankfurt en ander kontinentale stede opgevoer. Hy was getroud met Karoliene Leonhardt, 'n Duitse digteres, en sterf in 1873 te Leipzig. Eitemaal se woorde: „Die Hoogland is ons woning, Die land van son en veld, Waar woeste vryheidswinde waai Oor graf van meen'ge held,” brand met 'n onblusbare entoesiasme. Dit moet deur 'n goed afgerigte koor met krag, gevoel en geesdrif gesing word.

No. 28: *Sarie Marais*. Die musiek hiervan het oorspronklik met die woorde van die gedig „Ellie Rhee” verskyn. Dit moet onder die „plantation songs” gereken

skaf. Daarom dan die koor in Engels:

Heus fratres, ecce Lalage Aurora pulchrior!  
Et ejus agna parvula nive candidior!  
Then carry me back to Old Tennessee,  
There let me live and die,  
Among the fields of yellow, yellow corn  
When the bloom is on the rye.

Quocunque venit Lalage Dulcissima; eo  
Fidelis agna sequitur Illam perpetuo.  
Then carry me back . . . ens.

Quondam secuta dominam Audebat progredi  
Ad praeceptoris limina Riserunt pueri.  
Then carry me back . . . ens.

Praeceptoris agnam expulit; sed prato viridi  
Haec expectavit Lalagen cum ludo slaubri.  
Then carry me back . . . ens.

„Quam ob rem” clamant pueri, „Agnam tantopere  
Illam amat,” praeceptoris, dic nobis maturissime!  
Then carry me back . . . ens.

Ad quos serena domina Ridens suavissime,  
„O, agnam amat Lalage,” respondit tranquille.  
Then carry me back . . . ens.

Die bekoring van hierdie liedjie het hom dus blykbaar nie slegs oor die hele Noord-Amerika nie, maar ook oor Skotland en Engeland versprei voordat dit Suid-Afrika bereik het,

Daniel Maré, van Troyeville, Johannesburg. 'n Verklaring met dieselfde inhoud is gemaak deur eerw. Jan Maré wat in April 1938 te Pretoria oorlede is. Toe hierdie aanspraak herhaal is, het daar op 19 April 1938 'n portret van die jong egpaar J. P. Toerien in een van ons groot dagblaaie verskyn; mev. Venter van Bloemfontein, 'n dogter van mev. J. P. Toerien, het dit ingestuur.

No. 45: *Wilhelmus van Nassouwe*. Hierdie gedig is geskryf deur Marinix van Sint Aldegonde (1538—1598) „ter eeren des doorluchtigsten Heere, Wilhelmus Prince van Orangien, waer d'eerste letter van yeder veers Zijner Vorstelijke Genade Name metbrengen.” (Vyftien verse.) Gesing op die wysie van Chartres „eene melodie, welke gediend had voor een lied op Lodewijk I van Bourbon, prins van Condé, en zijne Hugenoten, die in 1568 tevergeefs de stad Chartres belegerden”. Hierdie wysie was oorspronklik op die trant van 'n outydse jagterslied gekomponeer, maar is later vir die „Wilhelmus” so omgevorm soos dit vandag nog (Vervolg op bladsy 33.)

## DIE OORSPRONG VAN DIE VOLKSANGBUNDEL

(Vervolg van bladsy 19.)

gesing word. Vanaf ongeveer 1592 tot vandag toe is dit die Nederlandse volkslied. Dus is dit ook in 1652 as volkslied na Suid-Afrika oorgebring. Marnix is te Brussel gebore en het teologie onder Calvyn in Genève gestudeer. By die koms van Alva neem hy die wyk na Duitsland; later is hy die vertroude raadgewer en medestryer van Willem van Oranje, wie se benoeming tot stadhouer hy deurgeisit het. Hy was die gedugste voorvegger vir die Protestantse geloof. Sy „Wilhelmus” is sonder twyfel een van die eerste of miskien die allereerste vaderlandse lied wat ooit in Suid-Afrika gesing is. Wil ons dus 'n drama uit Van Riebeeck se tyd of uit later tye opluister deur 'n vaderlandse lied, sal ons geen anakronisme begaan as ons die „Wilhelmus” gebruik nie.

No. 48: *Wien Nederlandsch Bloed*. Die woorde is deur Hendrik Tollens (1780—1856), die gewierde volksdigter van sy tyd. Die digter besing daarin die nasionale helde, deugde en die geïdealiseerde huislike lewe van die Nederlanders. Die komponis van die lied is Jan Willem Wilms wat in 1772 in die Ryng gebied gebore is. Wilms was musikonderwyser in Amsterdam, lid van die Nederlandse Akademie en die Geselskap vir Toonkuns, komponis van konserte, sonates ens. Hy is in 1847 oorlede.

No. 35: *Vryheidslied*. As 'n mens die twee bundels van 't *Nederlandsch Volksliederenboek* deurblaai, kry jy daarin onder die „Geschiedenszangen” omtrent twee-entwintig met die byskrif „uit Valerius' *Nederlandsche Gedenck-clanck*” of uit 't *Geusenliedboek*. Die oorsprong van die meeste val in die tydperk 1566—1589. Sommige het ook eers omstreeks 1625 ontstaan. Ons vind daar klaagliedekens, spotliedekens, ook dankliedere en prysliedere ná beleg, oorwinning, besetting of uiteindelijke ontset. Van almal is die „Oud Nederlandsche Dankgebed” die bekendste. Dit is oorspronklik gesing na aanleiding van die groot aantal oorwinnings wat deur prins Maurits in 1597 behaal is. Die woorde van hierdie „Dankgebed” lui:

Wilt heden nu treden voor God de Heere,  
Hem boven al loven van herten seere,  
end' maken groot Zijns lieven naamen's  
eere.  
Die daar nu onsen vijant slaat teneere.

Ook in Duitsland en ander Protestantse lande word die wysie met toepaslike woorde gesing, veral aan die begin en gedurende die verloop van 'n oorlog. Ons Afrikaners behoort baie dankbaar te wees dat Jan Celliers ons woorde gegee het wat vir altyd sal lewe:

O Vader, ons nader U troon in gebede  
Vertrouend en bouend op reg en op eer.  
. . . . . ens.

No. 32: *Transvaalse Volkslied*. Woorde en wysie deur mej. Cath. F. van Rees.

No. 42: *Vrystaatse Volkslied*. Woorde deur H. A. L. Hamelberg, musiek gekomponeer deur M. F. G. Nicolai. In die nuwe uitgawe van die bundel sal no. 32 en no. 42, danksy die vriendelike medewerking van mnr. W. Visser, onderwyser op Brits, vierstemmig verskyn.

No. 58: *Hoor die Uile in die Laan*. Woorde deur Eitemal, musiek deur Jöde.

No. 55: *Waar die Stroompie Vliet . . .* Woorde deur D. Viljoen, musiek deur Jöde.

No. 81: *So lank die son daar boue lag*. Woorde deur H. Gutsche, musiek deur Jöde.

No. 123: *So liefies het sy uit haar ogies gekyk*. Woorde deur H. Gutsche, musiek deur Jöde.

Drie van hierdie sentimentele liedjies verskyn in *Der Kleine Rosengarten* van Hermann Löns (1866—1914). Hy het die roman *Wehrwolf* geskryf en het voor die stad Reims gesneuwel. Die *Rosengarten* bevat een-en-sestig van sy gediggies, almal deur Fritz Jöde getoonset. In 1925 was daar reeds 92,000 daarvan uitgegee. Later het die getal, soos ook die geval met die *Wehrwolf* was, meer as 300,000 geword. Die liedjies is by die miljoene deur oud en jonk gesing. Vir no. 81 en no. 123 het die skrywer hiervan die Afrikaanse woorde ter herinnering aan sy vroeg oorlede jongste dogter gemaak.

(Stot.)

spring ek vinnig op om 'n haastige skoot uit die vuur te kry. 'n Paar sekondes versuim, en dit sal te laat wees. Ons beweging moes die wyfie se aandag getrek het, want net toe ek aanlê, steek sy vas en kyk na ons kant toe. Slegs 'n oomblik, maar dit was genoeg. Toe die skoot knal, spring sy met 'n huiweringwekkende brul regop in die lug. Sy slaan egter nie neer nie, maar verdwyn met 'n paar lang hale in 'n bossie vyftig tree verder.

Om haar nou daar te gaan uithaal, dit weet elke jagter is een van die gevaarlikste ondernemings waarmee 'n man ooit in die bosse te doen kan kry, veral waar dit 'n leeuwyfie geld. In die bossie hoor ons haar 'n paar keer steun.

Eers word die Kaffers met die honde geroep voordat die stelling versigtig genader word. Die senuwees is tot die uiterste gespanne. Ek skiet 'n skoot in die bossie. As sy nog lewe, sal sy antwoord gee — of storm. Maar alles bly doodstil. Die kring om die bossie word al nouer getrek, soos Langenhoven se mot om die kers. Onwillekeurig wonder ek of die end van die wiel nie miskien ook die as van die mot gaan beteken nie. Op een plek toon die honde deur hul houding dat die leeu baie naby moet wees. Ons beweeg in daardie rigting, en ek los weer 'n skoot teen 'n boom. Maar nog bly dit stil in die bossie.

Toe word die vermoede sekerheid: sy is reeds dood. Haastig stap ons haar skuilplek binne, en, ja, daar lê sy uitgestrek op die grond, mordsdood, nog in die houding waarin sy gevlug het. Die koeël het haar op die oomblik toe sy na my gekyk het reg van voor getref, die een boonste slagrand afgeskiet en die keelgat binnegedring.

'n Juigkreet styg op uit die monde van die halfdosyn Kaffers as hulle met hul oop messe soos 'n swerim aasvoëls op die gevalle vorstin toesak. Ure daarna is hulle nog besig om op lewendige wyse die een aan die ander sy gesigspunt van die gebeurde mee te deel. En toe die son ondergaan daar agter die Drakensberge snor my ou D.K.W.-tjie lustig teen Bosbokrant uit na die Hoëveld, waar vrou-tjie en seuntjie op my wag.